Arbor
Fairland Pre-Primêr

bostelegraaf
Episode 2

Een keer om die son

Herinnering vir episode 2

Maak jou eie roomys saam met Mamma en Pappa en gaan eet jou roomys buite in die tuin.

Bestandele:

500 ml room
1 blikkie kondensmelk
5 ml vanieljegeursel

Metode:

1. Klits die room tot sagtepunt stadium
2. Roer die kondensmelk deur
3. Roer die vanielje deur
4. Skep in ‘n bak en sit in die vrieskas

Jy kan die roomys opdollie met **sjokoladesplinters, fyngekapte koekies,**

vrugte, lekkertjies *of wat jou ook al maak glimlag. Die roomys is baie romerig en moet so 30 minute voor jy dit bedien uit die vrieskas gehaal word.*

1 Februarie: Tannie Bianca verjaar!

Tannie Bianca,

Dankie vir jou vriendelike, warm glimlag elke dag, dankie vir die mooi manier waarop jy ons kleuters, ouers en personeel hanteer. Dankie vir alles wat jy vir ons doen!

Ons waardeer jou!

Interessante feite oor Tannie Bianca

Gunsteling kleur: **Pienk**

Gunsteling gereg: **Skaap tjoppies**

Gunsteling fliek: **The Proposal**

Gunsteling liedjie: **Sally William Nougat van Jak de Priester**

Gunsteling plek in die wêreld: **Buffelsbaai**

Stokperdjies: **Ek lees graag 'n lekker boek, AS ek 'n kansie kry**

> "Op jou knieë bly jy staande"

3 Februarie

Ons **buitemuurse aktiwiteite** het amptelik begin!

Die maatjies het mooi aangepas by al die lekker, nuwe aktiwiteite!

Instappie: My lyfie
4 Februarie

Xandrie Penthbury van **Grow@EduPlus** het ‘n oulike, opvoedkundige instappie oor “My lyfie” vir al ons ouer kleuters kom aanbied.

Die meeste maatjies is goed vertroud met hul buiteliggaam. Hierdie instappie het **gefokus op die innerlike liggaam**.

’n Verskeidenheid interaktiewe aktiwiteite het die konsepte op so ’n manier uitgebeeld dat die maatjies dit kan verstaan.

Juffrou Xandrie het aan die maatjies verduidelik dat bloed uit **drie mannetjies** bestaan, naamlik; **rooibloedselle, witbloedselle en bloedplaatjies** en ook drie van ons maatjies volgens dit aangetrek.

Ons het gedurende die instappie ook dokter-dokter gespeel waar van ons maatjies vir “Oom Willie” organe op die regte plek kon sit.

Die maatjies het ook ‘n lekker storie gehoor van twee skelette wat saam met hulle skelet hondjie ‘n wensbeen in hul agtertuin gevind het. Drie van ons maatjies is soos skelette aangetrek en het die storie uitgebeeld soos wat Juffrou Xandrie dit vertel.

Die interaktiewe instappie is afgesluit met ‘n liedjie waar die maatjies kon sing en dans oor die verskillende bene in ons liggaam.

7 Februarie

Die maatjies het lekker tuinbou gedoen! Hulle het gewys hulle het “groen vingers”, selfs al is hulle nog so klein!

Hulle het self grondjies in wit koppies gegooi, saadjies geplant wat met baie liefde, aandag en sorg in mooi grassies verander het!

Waterspel en Valentynsdag 14 Februarie

Plas en plons, plas en plons! Daar is niks so lekker soos om met water of in die water te speel nie! Selfs al was die weer nie so lekker nie! Die maatjies het lekker speelgoed “gewas”, in rooi en pienk water!

Ons het ook sommer Valentynsdag gevier terwyl ons lekker waterspel gedoen het.

Al die speelgoed is nou weer silwerskoon! Ons maatjies het waterspel, en Valentynsdag, terdeë geniet!

Modderspel 21 Februarie

Die ouer maatjies kon hul stewels, reënjasse en sambrele bring om lekker in die modder te speel! Hulle het ook ‘n groooooot vulkaan in die sandput gebou, en huisies met modder en stene gebou!

Die Nessie en Denneklas se modderspel was so bietjie anders! Hulle het lekker met sjokolade “pudding” gespeel! Hulle het net so lekker geëet ook!

Fabian en Goodwill se partytjie!

24 Februarie

Ons twee wonderlike werkers Fabian en Goodwill het lekker partytjie gehou!
Oom Goodwill het 15 Januarie verjaar, en Oom Fabian het 22 Februarie verjaar.
Dit was ‘n groot verjaarsdag vir Oom Fabian, hy het 50 jaar oud geword!

Baie geluk met julle verjaarsdae, Goodwill en Fabian, ons waardeer alles wat julle vir ons doen!

Poppekas 28 Februarie

Juf. Luitjé het ons kleuters vermaak met ‘n lekker poppekas. Die kleuters het stroopsoet gesit en aandagtig geluister. Die poppekas het gegaan oor die voëltjie wie se mamma gaan kos soek het. Toe gaan soek hy haar en vra vir almal is hulle sy mamma.

Kenmekaarbraai 28 Februarie

Ons Kenmekaarbraai was, soos elke jaar, ‘n REUSE sukses! Die reën en koeler weer het ons verseker nie afgeskrik nie!

Ons ouers het hul herinneringe kom herleef! Hulle het aangetrek soos die era waarin hulle gebore is!

Die vure het gebrand, die musiek het gespeel. Daar was heerlike pons en Tannie Marvie se smullekker slaptjips.

Die kinders het buite gehardloop, baljaar en gelag, want wat is nou lekkerder as om in die AAND by jou skool te speel!

Ander

Jack in a Box drama

Jack in a Box drama is van 2025 af by ons graad RR maatjies se skoolfooie ingesluit. Hierdie drama-en spraakklasse is daarop gemik om selfvertroue te bou deur verbeelding en kommunikasievaardighede te ontwikkel. Aandag word gegee aan uitspraak, projeksie en lyftaal om op die maan gaan haal. Dit is maar net die oortjies van die seekoei.

Wanneer kinders hul verbeelding uitleef, raak hul meer kreatief en kruip uit hul boksies. Hul selfvertroue groei totdat dit by hulle ore uitloop!

sodoende die vaardighede te onwikkel wat nodig is vir redenaars, voorbereide/onvoorbereide lees, mimiek, voordrag, prosa en monoloë.

Ons kleuters geniet hierdie weeklikse dramalesse terdeë. Alice Botha, ‘n oud-Arbor leerder, bied saam met Lila Botha drama by Arbor aan. Elke 4 - 5 jarige klas is in 2 groepe verdeel.
Alice neem die kleuters dan in hulle onderskeie groepe na ons Arbor-bus toe waar hulle dan hulle dramales het.

By Jack in a Box speel die maatjies ’n hond uit ‘n bus! Ons bus is propvol *magic*!

En hier is enige-iets moontlik! Krokodille beskerm feëtjies teen seerowers, lui-slange lê in die son en bak en reënboog-gegeurde roomys word deur die busbestuurder spesiaal

Die speletjies en aktiwiteite, propvol pret, is doelbewus ontwerp om kinders te laat ontwikkel en sterker in hulself te raak. Dis die beste plek vir elke kind om te wees!

Dankie Lila en Alice dat julle drama vir die kleuters so lekker maak! En dankie Arbor vir die voorreg om al ons graad RR kleuters hieraan te kan blootstel.

Temas

Daar word elke week by Arbor ‘n ander tema gedoen. Hier is ‘n paar temas wat ons hierdie maand gedoen het.

3 - 7 Februarie : **My lyfie**
10 - 14 Februarie : **Higiëne**
17 - 21 Februarie : **My huis en veiigheid**
24 - 28 Februarie : **My gesin en my familie**

Baie dankie aan Juf. Carné vir Episode 2 van Eenkeer om die son

Arbor
Fairland Pre-Primêr